

Boekbesprekings / Book Reviews

Volume 6: *Cultuur, samelewing, onderwys, politiek*

Volume 7: *Reformatie, oecumene en gesprek met anderen*

Volume 1 – *De Aard van de Theologie* – has a lengthy introduction of 54 pages and deals with the “*nature of theology*”. The book of 550 pages comprises 4 parts:

(i) *University and science* – This part gives an insight into Van Ruler’s understanding of university and science, and focuses on an explanation of truth and on the presuppositions for scientific study.

(ii) *Theological science* – This part includes his views on the relationship of science and faith, his views on the relationship of philosophy and theology (which clearly shows Karl Barth’s influence), his views on the methodology of dogmatics, his teachings on the importance of a Trinitarian theology (which reflects his connections with the Reformation), his emphasis on Christocentricity, and his explanations concerning science in theology (in which his deviation from Barth comes to the fore).

(iii) *The study of theology* – This part includes some unknown Van Ruler-texts, which reflect on the place theology takes in the university context, and also explain his understanding of and preference for the *duplex ordo* structure of the theological faculties at the universities of Utrecht, Leiden, Groningen and Amsterdam. The *duplex ordo* system is known for the distinction it makes between scientific disciplines and church subjects in theological studies.

(iv) *Theology 1930-1970* – In this section the attention is drawn to the status of theological science and theological studies in the Dutch culture from 1930 to 1970, and also to new questions and developments in theology.

The book is important and recommended for the understanding of Dutch *Reformed* theology in the 20th century, and is certainly a valuable contribution. Van Ruler was indeed one of the great Dutch theologians of the 20th century.



Afrikaanse omsetting: Piet Venter, Johann Symington & Amie van Wyk 2007 – *Augustinus – Belydenisse: Getuienis oor ’n lewe in God*

Uitgewer: Lux Verbi. 475 Bladsye. Prys R139.95.

Resensent: Ds C E C Hertzog (Middelburg)

Augustinus is een van die bekendste kerkvaders en sy *Belydenisse* een van die klassieke werke in die Christelike tradisie. Dit word onder andere duidelik uit die feit dat geen kerkvader so dikwels deur Calvyn aangehaal word as Augustinus nie. En dit bykans 1200 jaar nadat die werk voltooi is! Geen wonder dat Noordmansk gesê het dat elke teologiese student die werk ten minste drie keer behoort te lees nie. Danksy ’n vertaling met die medewerking van Piet Venter, Johann Symington en Amie van Wyk is hierdie geestelike besinning nou in Afrikaans beskikbaar.

Augustinus vertel van sy eg persoonlike soeke na die waarheid sedert sy kinderdae. Alhoewel dit mag lyk of die verhaal ’n outobiografie kan wees bevat dit veel meer as ’n lewenskets. Op die agteromslag van die hardebandboek word Augustinus se soeke soos volg verduidelik:

Augustinus se *Belydenisse* is eintlik 'n reis, 'n soekende hart se ekspidisie tot in die hart van die lewende en genadige God. Dit is meer as 'n lewensverhaal; dit is 'n intieme leesavontuur, een lang gesprek met die God wat na jou uitreik en jou omvorm ... Aangrypend en openhartig vleg hierdie groot kerkvader uit Afrika die vertelling oor sy onstuimige lewensloop meesterlik ineen met kernsake van ons algemene geloof.

Die werk bestaan uit dertien boeke. Die eerste tien boeke begin deur te vertel van Augustinus se stormagtige kinder- en studentedae in Noord-Afrika (361 nC tot 383 nC). In hierdie tyd bestudeer hy Aristoteles en maak hy nader kennis met die Manicheërs wat aanvanklik 'n groot invloed op hom uitoefen, maar van wie hy hom later distansieer. Dit vertel ook van sy ontvlugting van sy moeder, Monica, en sy daaropvolgende omswerwinge in Europa waar hy onder andere as dosent in retoriek in beide Rome en Milaan onderrig gee. Hy vertel op aangrypende wyse van sy bekering in Augustus 386 nC en van sy moeder se sterwe in 387 nC nadat hy met haar versoen is. Kort na hierdie gebeure keer hy terug na Noord-Afrika waar hy as biskop gewy word en die res van sy lewe deurbring tot sy dood in 430 nC.

Die laaste drie boeke bestaan uit 'n allegoriese uitleg van die skeppingsverhaal in Genesis met heelwat minder biografiese gegewens. Hy weerlê dwalings oor wat God vóór die skepping sou gedoen het en ondersoek indringend die raaisel van tyd.

Hierdie Afrikaanse weergawe bied veel meer aan die leser as bloot 'n vertaling van Augustinus se *Confessiones*. Na die inhoudsopgawe volg 'n insiggewende tydlyn van belangrike datums en plekke wat 'n waardevolle hulpmiddel vir die leser is. Amie van Wyk bied daarna in vyf bladsye 'n net so insiggewende voorwoord wat bestaan uit 'n bekendstelling van Augustinus, 'n uiteensetting van sy nalatenskap en 'n kort verduideliking van sy betekenis vir vandag. In die dertien boeke is daar talle voetnote wat die teks verder vir die leser oopbreek deur óf na ander tekste te verwys óf kort verduidelikings oor die inhoud van die gedeelte te verskaf. Na die boeke volg 'n bylae met 'n indeks van Bybelgedeeltes en 'n bronnelys wat bedoel is as wegwysers vir studente en belangstellendes wat meer oor Augustinus wil nalees.

Onder die redakteurskap van Claude Vosloo is daarin geslaag om hierdie greep uit die denke van Augustinus in 'n lesersvriendelike Afrikaans toeganklik te maak vir die leser. Ek beveel graag hierdie publikasie aan vir beide hulle wat 'n ernstige teologiese studie onderneem en hulle wat geïnteresseerd is in die eg persoonlike belydenis van 'n gelowige sonder wat rus vind in 'n genadige God. Die *Belydenisse* sal elkeen aanspreek wat dit lees.

Vos, Cas & Human, Dirk (reds) 2007 – *Liefde is die grootste: Oor erotiek en seksualiteit*

Uitgewer: Protea Boekhuis, Pretoria. 434 bladsye. Prys: Onbekend.

Resensent: Prof Dr P M Venter (Universiteit van Pretoria)

Menslike seksualiteit is 'n saak waaroor daar nooit klaar gepraat kom nie. Dit is egter die verdingliking van seksualiteit en die aanwending daarvan as verhandelbare kommoditeit wat teenreaksie uitlok. Seksualiteit het met die hele mens te doen. Dit is nie iets wat hy "het" nie, maar iets wat deel is van sy menswees. Om daaroor te praat, is om na te dink oor wat dit beteken om mens binne die totaliteit van die werklikheid te wees. En dit is die deurlopende tema in hierdie publikasie. 'n Totaal van 27 bydraes is hier versamel wat na seksualiteit en erotiek vanuit bykans elke denkbare hoek kyk.